From a point (I on sketch P589) on district road 2780 on the farm Tzoron 216 generally east-northeast- and southeastwards across the farms Tzoron 216, Winnie 323 and Cunningham 331 to a point (X on sketch P589) on district road 2782 on the last-mentioned farm.

No. 244]

[15 September 1975

**CLOSING OF DISTRICT ROAD 2780 AND  
PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A  
ROAD : DISTRICT OF OUTJO**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Outjo closed district road 2780 which is indicated on sketch map P589 and which is described in Schedule I hereto and declared a road which is indicated on sketch map P589 to be a proclaimed road, defined the course thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road, with number 2780.

No. 243]

[15 September 1975

**SLUITING VAN DISTRIKSPAD 2799 EN  
PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N  
PAD : DISTRIK OUTJO**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Outjo distrikspad 2799 wat aangetoon word op sketskaart P589 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P589 tot geproklameerde pad verklaar, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad met nommer 2799 verklaar.

**BYLAE I**

*Beskrywing van Pad:*                      *Gedeelte Gesluit:*

Die pad beskryf as distrikspad 2799 in Bylae II van Proklamasie 56 van 1955 en in Bylae III van Proklamasie 28 van 1957.

Die hele.

**BYLAE II**

Van 'n punt (I op skets P589) op distrikspad 2780 op die plaas Tzoron 216 algemeen oos-noordoos- en suidooswaarts oor die plase Tzoron 216, Winnie 323 en Cunningham 331 tot op 'n punt (X op skets P589) op distrikspad 2782 op laasgenoemde plaas.

No. 244]

[15 September 1975

**SLUITING VAN DISTRIKSPAD 2780 EN  
PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N  
PAD : DISTRIK OUTJO**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Outjo distrikspad 2780 wat aangetoon word op sketskaart P589 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P589 tot geproklameerde pad verklaar, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad met nommer 2780 verklaar.

## SCHEDULE I

<i>Description of Road:</i>	<i>Portion Closed:</i>
The road described as district road 2780 in Schedule III of Proclamation 56 of 1955.	The whole.

## SCHEDULE II

From a point (T on sketch P589) on the farm Namatubis 126 generally northwards across the farms Namatubis 126, Portion 1 of the farm Trocadero 195, Tzamin 228, Goanab 227, Portion 1 of the farm Goanab 227 and Tzoron 216 to a point (W on sketch P589) near the southern boundary of the last-mentioned farm; thence generally northeastwards across the farm Tzoron 216 to a point (I on sketch P589) on the said farm; thence generally northwards across the farms Tzoron 216 and Marmorkopf 215 to a point (D on sketch P589) on the last-mentioned farm; thence generally north- and northeastwards across the farms Marmorkopf 215, Gub 182 and Heimwee 460 to a point (Z on sketch P589) on the last-mentioned farm; thence generally northwards across the farm Heimwee 460 to a point (O on sketch P589) on the said farm; thence generally northeastwards across the farms Heimwee 460, Ryno 464, Portion 1 of the farm Ryno 464 and Nuchas 468 to a point (P on sketch P589) where district roads 2779 and 2797 join each other on the last-mentioned farm.

No. 245] [15 September 1975

**REQUEST FOR CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 1911 : DISTRICT OF SWAKOPMUND**

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Swakopmund requests that a portion of farm road 1911 be closed as described in the schedule hereto.

A sketch map (number P502) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Usakos.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

## BYLAE I

<i>Beskrywing van Pad:</i>	<i>Gedeelte Gesluit:</i>
Die pad beskryf as distrikspad 2780 in Bylae III van Proklamasie 56 van 1955.	Die hele.

## BYLAE II

Van 'n punt (T op skets P589) op die plaas Namatubis 126 algemeen noordwaarts oor die plaas Namatubis 126, Gedeelte 1 van die plaas Trocadero 195, Tzamin 228, Goanab 227, Gedeelte 1 van die plaas Goanab 227 en Tzoron 216 tot op 'n punt (W op skets P589) naby die suidelike grens van laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plaas Tzoron 216 tot op 'n punt (I op skets P589) op genoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plaas Tzoron 216 en Marmorkopf 215 tot op 'n punt (D op skets P589) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noord- en noordooswaarts oor die plaas Marmorkopf 215, Gub 182 en Heimwee 460 tot op 'n punt (Z op skets P589) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts oor die plaas Heimwee 460 tot op 'n punt (O op skets P589) op genoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plaas Heimwee 460, Ryno 464, Gedeelte 1 van die plaas Ryno 464 en Nuchas 468 tot op 'n punt (P op skets P589) waar distrikspaaie 2779 en 2797 bymekaar aansluit op laasgenoemde plaas.

No. 245] [15 September 1975

**VERSOEK TOT SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1911 : DISTRIK SWAKOPMUND**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soog gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Swakopmund versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1911 gesluit word soos in die bylae hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P502) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Usakos, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.

## SCHEDULE

## BYLAE

*Description of Road:**Portion Closed:**Beskrywing van Pad:**Gedeelte Gesluit:*

The road described as farm road 1911 in Schedule III of Proclamation 46 of 1953.

From a point (T on sketch P502) on farm road 1911 in the game park Namib Desert Park generally south-southwestwards through the said game park to a point (J on sketch P502) on farm road 1903 in the said game park.

Die pad beskryf as plaaspad 1911 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1953.

Van 'n punt (T op skets P502) op plaaspad 1911 in wildtuin Namib-woestyn-park algemeen suid-suidweswaarts deur genoemde wildtuin tot op 'n punt (J op skets P502) op plaaspad 1903 in genoemde wildtuin.

No. 246]

[15 September 1975

**REQUEST FOR CLOSING OF DISTRICT ROAD 2337 AND THE PROCLAMATION OF A ROAD : DISTRICT OF OMARURU**

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Omaruru requests that district road 2337 be closed as described in Schedule I hereto and that a road be proclaimed as a district road as described in Schedule II hereto.

A sketch map (number P578) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Omaruru.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

## SCHEDULE I

From a point (A on sketch P578) on district road 2344 on the farm Kompaneno 104 generally northwards across the farm Kompaneno 104 to a point (B on sketch P578) on the said farm; thence generally northeastwards across the farms Kompaneno 104, Etendero 95, Okongue 94 and Okakongo 93 to a point (D on sketch P578) on the last-mentioned farm; thence generally westwards across the farms Okakongo 93 and Schonfeld 92 to a point (Q on sketch P578) on the last-mentioned farm; thence generally northeastwards across the farms Schonfeld 92, Klein Otuwapa 36 and Weissenfels 35 to a point (F on sketch P578) on trunk road 2, section 4, on the last-mentioned farm.

No. 246]

[15 September 1975

**VERSOEK TOT SLUITING VAN DISTRIKSPAD 2337 EN DIE PROKLAMERING VAN 'N PAD : DISTRIK OMARURU**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Omaruru versoek dat distrikspad 2337 gesluit word soos in Bylae I hieronder beskryf en dat 'n pad tot geproklameerde distrikspad verklaar word soos in Bylae II hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P578) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Omaruru, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.

## BYLAE I

Van 'n punt (A op skets P578) op distrikspad 2344 op die plaas Kompaneno 104 algemeen noordwaarts oor die plaas Kompaneno 104 tot op 'n punt (B op skets P578) op genoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plase Kompaneno 104, Etendero 95, Okongue 94 en Okakongo 93 tot op 'n punt (D op skets P578) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen weswaarts oor die plase Okakongo 93 en Schonfeld 92 tot op 'n punt (Q op skets P578) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plase Schonfeld 92, Klein Otuwapa 36 en Weissenfels 35 tot op 'n punt (F op skets P578) op hoofpad 2, seksie 4, op laasgenoemde plaas.

## SCHEDULE II

From a point (G on sketch P578) on district road 2344 on the farm Kompaneno 104 generally northeastwards across the farms Kompaneno 104, Etendero 95, Okongue 94 and Okakongo 93 to a point (H on sketch P578) on the last-mentioned farm; thence generally eastwards across the farms Okakongo 93 and Schonfeld 92 to a point (Q on sketch P578) on the last-mentioned farm; thence generally northeastwards across the farms Schonfeld 92, Klein Otuwapa 36 and Weissenfels 35 to a point (M on sketch P578) on the last-mentioned farm; thence generally east-southeastwards along the southern boundary of the farm Weissenfels 35 to a point (J on sketch P578) on trunk road 2, section 4, on the said farm.

No. 247]

[15 September 1975

## REQUEST FOR PROCLAMATION OF A FARM ROAD : DISTRICT OF OMARURU

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Omaruru requests that a portion of closed district road 2337 be proclaimed as a farm road and that a farm road be proclaimed on land where no road previously existed, as described in the schedule hereto.

A sketch map (number P578) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Omaruru.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

## SCHEDULE

From a point (E on sketch P578) on farm road 2340 on the farm Weissenfels 35 generally southeastwards across the said farm to a point (L on sketch P578) on the said farm; thence generally southwestwards across the farm Weissenfels 35 to a point (M on sketch P578) on district road 2337 on the said farm.

## BYLAE II

Van 'n punt (G op skets P578) op distrikspad 2344 op die plaas Kompaneno 104 algemeen noordooswaarts oor die plase Kompaneno 104, Etendero 95, Okongue 94 en Okakongo 93 tot op 'n punt (H op skets P578) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plase Okakongo 93 en Schonfeld 92 tot op 'n punt (Q op skets P578) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plase Schonfeld 92, Klein Otuwapa 36 en Weissenfels 35 tot op 'n punt (M op skets P578) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen oos-suidooswaarts al langs die suidelike grens van die plaas Weissenfels 35 tot op 'n punt (J op skets P578) op hoofpad 2, seksie 4, op genoemde plaas.

No. 247]

[15 September 1975

## VERSOEK TOT PROKLAMERING VAN 'N PLAASPAD : DISTRIK OMARURU

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Omaruru versoek dat 'n gedeelte van geslote distrikspad 2337 tot geproklameerde plaaspad verklaar word en dat 'n plaaspad geproklameer word oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie soos beskryf in die bylae hieronder.

'n Sketskaart (nommer P578) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaataaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaie-superintendent, Omaruru, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.

## BYLAE

Van 'n punt (E op skets P578) op plaaspad 2340 op die plaas Weissenfels 35 algemeen suidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (L op skets P578) op genoemde plaas; van daar algemeen suidweswaarts oor die plaas Weissenfels 35 tot op 'n punt (M op skets P578) op distrikspad 2337 op genoemde plaas.

No. 248]

[15 September 1975

**REQUEST FOR CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 1752 : DISTRICT OF GOBABIS.**

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Gobabis requests that a portion of farm road 1752 be closed as described in the schedule hereto.

A sketch map (number P711) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

**SCHEDULE**

From a point (B on sketch P711) on farm road 1752 on the farm Maramba 617 generally northeastwards across the farms Maramba 617 and Net Tevrede 720 to a point (C on sketch P711) on district road 1819, on the last-mentioned farm.

No. 249]

[15 September 1975

**REQUEST FOR CLOSING OF FARM ROAD 1908: DISTRICTS OF KARIBIB AND SWAKOPMUND**

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Boards of Swakopmund and Karibib request that farm road 1908 be closed as described in the schedule hereto.

A sketch map (number P502) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Usakos.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

No. 248]

[15 September 1975

**VERSOEK TOT SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1752 : DISTRIK GOBABIS**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Gobabis versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1752 gesluit word soos in die bylae hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P711) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaie-superintendent, Gobabis, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.

**BYLAE**

Van 'n punt (B op skets P711) op plaaspad 1752 op die plaas Maramba 617 algemeen noordooswaarts oor die plase Maramba 617 en Net Tevrede 720 tot op 'n punt (C op skets P711) op distrikspad 1819 op laasgenoemde plaas.

No. 249]

[15 September 1975

**VERSOEK TOT SLUITING VAN PLAASPAD 1908: DISTRIKTE KARIBIB EN SWAKOPMUND**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padrade van Swakopmund en Karibib versoek dat plaaspad 1908 gesluit word soos in die bylae hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P502) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Usakos, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.





A sketch map (number P502) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Usakos.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

#### SCHEDULE

*Description of Road:*                      *Portion Closed:*

The road described as farm road 1905 in Schedule III of Proclamation 46 of 1953.                      The whole.

No. 252]    [15 September 1975

#### REQUEST FOR CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 1904 : DISTRICTS OF KARIBIB AND SWAKOPMUND

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Boards of Karibib and Swakopmund request that a portion of farm road 1904 be closed as described in the schedule hereto.

A sketch map (number P502) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Usakos.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

#### SCHEDULE

*Description of Road:*                      *Portion Closed:*

The road described as farm road 1904 in Schedule III of Proclamation 46 of 1953; Schedule II of Proclamation 52 of 1965.                      From a point (C on sketch P502) on main road 52 in the game park Namib Desert Park in the district of Swakopmund generally

'n Sketskaart (nommer P502) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatspaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Usakos, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Paderade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.

#### BYLAE

*Beskrywing van Pad:*                      *Gedeelte Gesluit:*

Die pad beskryf as plaaspad 1905 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1953.                      Die hele.

No. 252]    [15 September 1975

#### VERSOEK TOT SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1904 : DISTRIKTE KARIBIB EN SWAKOPMUND

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Paderade van Karibib en Swakopmund versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1904 gesluit word soos in die bylae hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P502) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatspaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Usakos, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Paderade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.

#### BYLAE

*Beskrywing van Pad:*                      *Gedeelte Gesluit:*

Die pad beskryf as plaaspad 1904 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1953, Bylae II van Proklamasie 52 van 1965.                      Van 'n punt (C op skets P502) op grootpad 52 in die wildtuin Namib-woestynpark in die distrik Swakopmund algemeen



1965; and Schedules I and II of Proclamation 45 of 1966.

northeastwards through the said game park, across the common boundary of Swakopmund and Karibib to a point (D on sketch P502) in the said game park; thence continuing in the district of Karibib through the said game park generally north-northwestwards to a point (E on sketch P502) on farm road 1904 in the said game park.

en Bylaes I en II van Proklamasie 45 van 1966.

noordooswaarts deur genoemde wildtuin, oor die gemeenskaplike grens van Swakopmund en Karibib tot op 'n punt (D op skets P502) in genoemde wildtuin; van daar voortgaande in die distrik Karibib deur genoemde wildtuin algemeen noordnoordweswaarts tot op 'n punt (E op skets P502) op plaaspad 1904 in genoemde wildtuin.

No. 253]

[15 September 1975

**REQUEST THAT THE CLASSIFICATION OF FARM ROAD 1998 BE CHANGED : DISTRICT OF SWAKOPMUND**

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Swakopmund requests that the classification of farm road 1998 which is described in Schedule I hereto be changed to that of district road as described in Schedule II hereto.

A sketch map (number P715) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Usakos.

Any person having any objection to the above request should lodge such objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, within thirty days as from 15 September 1975 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100.

**SCHEDULE I**

**Description of Farm Road 1998:**

The road described as farm road 1998 in Schedule I of Proclamation 59 of 1966.

**SCHEDULE II**

From a point (A on sketch P715) on main road 36 in the game park Namib Desert Park generally northwards through the game park Namib Desert Park to a point (B on sketch P715) on district road 1982 in the said game park.

No. 253]

[15 September 1975

**VERSOEK DAT PLAASPAD 1998 SE KLASSIFIKASIE VERANDER WORD : DISTRIK SWAKOPMUND**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Pdraad van Swakopmund versoek dat plaaspad 1998 wat in Bylae I hieronder beskryf word se klassifikasie verander word na dié van 'n distrikspad soos in Bylae II hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P715) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Usakos, ter insae.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek moet sodanige beswaar met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 15 September 1975 indien by die Voorsitter van Pdrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100.

**BYLAE I**

**Beskrywing van Plaaspad 1998:**

Die pad beskryf as plaaspad 1998 in Bylae I van Proklamasie 59 van 1966.

**BYLAE II**

Van 'n punt (A op skets P715) op grootpad 36 in die wildtuin Namib-woestynpark algemeen noordwaarts deur die wildtuin Namib-woestynpark tot op 'n punt (B op skets P715) op distrikspad 1982 in genoemde wildtuin.

No. 254]

[15 September 1975

**PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD:  
AMENDMENT OF REGULATIONS ON  
PROPERTY RATES.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 40(8) of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 66 of 1972.

Regulation 5(1) is hereby amended by the insertion after subregulation (b) of the following subregulation:

“(c) the charges, fees or rates for the supply of water to premises installed with water-borne sewerage and for the supply of sanitary services.”

No. 255]

[15 September 1975

**MUNICIPALITY OF WINDHOEK:  
BUS SERVICE REGULATIONS.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following regulations.

**DEFINITIONS**

1. In these regulations unless the context otherwise indicates -

“bus” means any passenger bus used by the council for the public non-white passenger transport service established in terms of section 232 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963);

“bus service manager” means the person who for the time being occupies the position of bus service manager in the Council's service or who acts in that position and any person who is duly authorised to act on his behalf;

“bus staff member” means any person appointed as a bus inspector, bus driver, or ticket examiner in the Council's service and any person duly authorised to act in the said positions, and who is on duty;

“Council” means the Council of the Municipality of Windhoek;

“coupon” means a token representing a specific cash amount sold by the Council to the public at a fixed price and in specific numbers and which may be presented by a passenger to obtain a ticket;

No. 254]

[15 September 1975

**RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKEL-  
ING:  
WYSIGING VAN REGULASIES OP EIENDOMS-  
BELASTING.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 40(8) van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 66 van 1972 goedgekeur.

Regulasie 5(1) word hierby gewysig deur die invoeging na subregulasie (b) van die volgende subregulasie:

“(c) die heffings, gelde of belastinge vir die lewering van water aan persele ingerig met speelriolering en vir die verskaffing van sanitêre dienste.”

No. 255]

[15 September 1975

**MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK:  
BUSDIENSREGULASIES.**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies goedgekeur.

**WOORDOMSKRYWING**

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

“bagasie” enige tas, pakket of ander artikel wat deur 'n passasier op 'n bus vervoer word;

“beginpunt” 'n plek soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word waar 'n bepaalde roete begin;

“bus” enige passasiersbus wat deur die Raad gebruik word vir 'n openbare nie-blanke passasievervoerdienst wat ingevolge artikel 232 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) ingestel is;

“busdiensbestuurder” die persoon wat op daardie tyd die betrekking van busdiensbestuurder in die Raad se diens beklee of in daardie betrekking waarneem en enigeen wat behoorlik gemagtig is om namens hom op te tree;

“buspersoneellid” iemand wat in die Raad se diens as businspekteur, busbestuurder of kaartjiesondersoeker aangestel is en iemand wat behoorlik gemagtig is om in gemelde betrekkinge waar te neem en wat op diens is;

“fare” means the amount as determined by the Council from time to time, to be paid by a passenger for travelling on a bus for a certain distance;

“lost property” means any article or object found in a bus, at a stop or in or at a bus shelter which has presumably been lost or left behind by a passenger;

“lost property office” the office or space at the offices of the bus service manager set aside for the safekeeping of lost property;

“luggage” means any suitcase, parcel or other article which is transported by a passenger on a bus;

“passenger” means any person excluding a bus staff member, who travels on a bus or intends to travel on a bus;

“route” means a route as determined by the Council from time to time, along which a bus moves on a particular trip for the purpose of transporting passengers;

“starting-point” means a place as determined by the Council from time to time, where a particular route starts;

“stop” means a place as determined by the Council from time to time on a particular route where a bus must stop to enable passengers to board or leave the bus;

“terminus” means a place as determined by the Council from time to time where a particular route terminates;

“ticket” means a ticket issued by the bus staff member concerned to a passenger on payment in cash or on presentation of a coupon, authorising the passenger to travel a certain distance on the bus.

“eindpunt” ’n plek soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, waar ’n bepaalde roete eindig;

“halte” ’n plek soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, op ’n bepaalde roete waar ’n bus moet stilhou om passasiers op of af te laai;

“kaartjie” ’n kaartjie wat die betrokke buspersoneellid teen kontantbetaling of by die aanbieding van ’n koepon aan ’n passasier uitreik wat die passasier magtig om ’n bepaalde afstand op die bus te reis;

“kantoor vir verlore goedere” die kantoor of ruimte by die busdiensbestuurder se kantoor wat vir die bewaring van verlore goedere afgesonder is;

“koepon” ’n teken wat ’n bepaalde kontantbedrag verteenwoordig wat deur die Raad teen ’n vasgestelde prys en in bepaalde hoeveelhede aan die publiek verkoop word en wat deur ’n passasier aangebied kan word om ’n kaartjie te bekom;

“passasier” enigeen uitgesonderd ’n buspersoneellid wat op ’n bus reis of van voorneme is om op ’n bus te reis;

“Raad” die Raad van die Munisipaliteit van Windhoek;

“reisgeld” die bedrag soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, wat ’n passasier moet betaal om ’n bepaalde afstand op ’n bus te reis;

“roete” ’n roete soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word waarlangs ’n bus op ’n bepaalde reis beweeg met die doel om passasiers te vervoer;

“verlore goedere” enige artikel of voorwerp wat in ’n bus, by ’n halte of in of by ’n buskuiling gevind word en wat vermoedelik deur ’n passasier verloor of agtergelaat is.

## APPLICATION OF REGULATIONS

- These regulations shall apply to the passenger transport service maintained by the Council in terms of section 232 of the Municipal Ordinance, 1963.

## TIME-TABLES

- (1) The official time-tables published by the Council, indicate the normal times of departure of buses only, and the Council by no means guarantees -
  - that a bus will leave or arrive at the time prescribed in the time-table; and
  - the connection of buses at any starting point, junction or terminus.

## TOEPASSING VAN REGULASIES

- Hierdie regulasies is van toepassing op die passasiersvervoerdienste wat die Raad ingevolge artikel 232 van die Munisipale Ordonnansie 1963 in stand hou.

## TYDTAFELS

- (1) Die amptelike tydtafels wat die Raad publiseer, dui slegs die normale vertrektye van busse aan en die Raad waarborg geensins -
  - dat ’n bus op die tyd wat in die tydtafel voorgeskryf is, sal vertrek of aankom nie;
  - die aansluiting van busse by enige begin-, aansluitings- of eindpunt nie.

- (2) The Council shall not be liable for any interruption in the bus service or for any failure or delay, through whatever cause or for any consequences arising from such interruption, failure or delay.

#### QUEUEING

4. (1) Passengers who wish to undertake a bus trip, shall queue in single file one behind the other in the order in which they arrived at the bus stop concerned, and shall board the bus in that order.
- (2) No person shall take a place in the queue in front of a passenger who is already queueing, or board the bus before any such passenger.
- (3) Passengers shall queue in such a way that they do not cause an encumbrance or obstruction to pedestrian or vehicular traffic.

#### BOARDING OR LEAVING A BUS

5. (1) Subject to the provisions of regulation 8(2) a passenger shall board or leave a bus at a stop only, and no driver may stop at any place other than a stop for the purpose of allowing a passenger to board or leave the bus.
- (2) No person shall board or leave a bus in any manner other than through the door of the bus.
- (3) No person shall board or leave a bus while it is in motion.
- (4) (a) A passenger wishing to leave a bus, shall do so at the stop concerned before any passenger waiting at the stop boards the bus.
- (b) A passenger wishing to board a bus, shall allow any passenger wishing to leave the bus, a reasonable time to do so before boarding the bus.

#### FARES

6. (1) Every passenger shall, at the first possible opportunity after boarding the bus, pay the fare determined for the distance he intends to travel or has travelled by -
- (a) offering the amount of such fare in cash; or
- (b) offering a coupon representing the cash amount payable for the ticket concerned; or

- (2) Die Raad is nie aanspreeklik nie vir enige onderbreking in die busdiens of vir enige versuim of oponthoud hoe ook al veroorsaak of vir enige gevolge wat uit sodanige onderbreking, versuim of oponthoud voortspruit.

#### TOUSTAAN

4. (1) Passasiers wat 'n busreis wil onderneem moet in die volgorde wat hulle by die betrokke halte aankom, agtermekaar in een ry toestaan en moet in daardie volgorde die bus bestyg.
- (2) Niemand mag voor 'n passasier wat reeds toestaan, 'n plek in die tou inneem of voor enige sodanige passasier die bus bestyg nie.
- (3) Passasiers moet so toestaan dat hulle nie 'n belemmering of obstruksie vir voetganger- of voertuigverkeer veroorsaak nie.

#### BESTYGING EN VERLATING VAN BUS

5. (1) Behoudens die bepalings van regulasie 8(2) moet 'n passasier slegs by 'n halte 'n bus bestyg of verlaat en geen bestuurder mag vir die doel om 'n passasier op of af te laai by enige ander plek as 'n halte stilhou nie.
- (2) Niemand mag 'n bus op enige ander wyse as deur die busdeur bestyg of verlaat nie.
- (3) Niemand mag 'n bus bestyg of verlaat terwyl dit in beweging is nie.
- (4) (a) 'n Passasier wat 'n bus wil verlaat, moet dit by die betrokke halte doen voordat enige passasier wat by die halte wag, opklim.
- (b) 'n Passasier wat 'n bus wil bestyg, moet enige passasier wat die bus wil verlaat 'n redelike tyd vergun om dit te doen, voordat hy die bus bestyg.

#### REISGELD

6. (1) Elke passasier moet by die eerste moontlike geleentheid nadat hy die bus bestyg het die vasgestelde reisgeld vir die afstand wat hy voornemens is om te reis of gereis het, betaal deur -
- (a) die bedrag van sodanige reisgeld in kontant aan te bied; of
- (b) 'n koepon wat die kontantgeld verteenwoordig wat vir die betrokke kaartjie betaal moet word aan te bied; of

(c) offering a coupon representing a certain amount which is less than the value of the ticket and paying the difference in cash;

whereupon a ticket shall be issued to him.

- (2) A passenger travelling further than the distance for which a ticket has been issued to him shall before he reaches the stop up to where his paid ticket authorises him to travel, pay a fare as contemplated in subregulation (1) for the further distance as if he has started a new trip at such stop.
- (3) A passenger shall upon request by a bus staff member produce his ticket and if he is unable to produce it, he shall pay the full fare for the trip concerned, as contemplated in subregulation (1).
- (4) (a) If a passenger offers money in payment of his fare, for which the bus staff member concerned has no change, he shall accept an acknowledgement of debt for the change from the bus staff member and shall furnish his full name and residential address to the bus staff member;
- (b) such acknowledgement of debt shall be paid out to the passenger on request and on delivery thereof to the official concerned at the head office of the bus service manager.

#### TRANSFERABILITY OF TICKETS

7. No person shall transfer a ticket clipped by a bus staff member to another person, and no person shall use such ticket transferred to him to travel on a bus.

#### DEFECTIVE BUSES

8. (1) If a bus has at any time been involved in an accident, has become defective or for any other reason is unable to complete its trip, all the passengers shall leave the bus on request of any bus staff member.
- (2) A passenger who has already paid for the trip, shall not be entitled to claim back his fare, but may complete his trip on the following bus provided he boards the following bus at the defective bus, and can provide satisfactory proof that he has paid his fare.

#### SEATING AND STANDING ROOM

9. (1) No passenger shall travel in any place in a bus

(c) 'n koepon wat 'n sekere bedrag verteenwoordig wat minder as die waarde van die kaartjie is, aan te bied en die verskil in kontant te betaal

waarop 'n kaartjie aan hom uitgereik word.

- (2) 'n Passasier wat verder reis as die afstand waarvoor 'n kaartjie aan hom uitgereik is, moet voordat hy by die halte kom tot waar sy betaalde kaartjie hom magtig om te reis, reisgeld vir die verdere afstand betaal soos beoog in subregulasie (1) asof hy by sodanige halte met 'n nuwe reis begin.
- (3) 'n Passasier moet op aanvraag deur 'n buspersoneellid sy kaartjie toon en indien hy dit nie kan toon nie, moet hy die volle reisgeld vir die betrokke reis betaal soos beoog in subregulasie (1).
- (4) (a) Indien 'n passasier ter betaling van sy reisgeld geld aanbied waarvoor die betrokke buspersoneellid nie kleingeld het nie, moet hy 'n skuldbewys vir die kleingeld van die buspersoneellid aanvaar en sy volle naam en woonadres aan die buspersoneellid verskaf.
- (b) Sodanige skuldbewys word op aanvraag en by oorhandiging daarvan aan die betrokke beampte by die kantoor van die busdiensbestuurder aan die passasier vereffen.

#### OORDRAAGBAARHEID VAN KAARTJIES

7. Niemand mag 'n kaartjie wat deur 'n buspersoneellid geknip is, oordra aan iemand anders nie en niemand mag van sodanige kaartjie wat aan hom oorgedra is, gebruik maak om op 'n bus te reis nie.

#### ONKLAAR BUSSE

8. (1) Indien 'n bus te eniger tyd in 'n ongeluk betrokke is, onklaar raak of om enige ander rede nie sy reis kan voltooi nie, moet al die passasiers op versoek van enige buspersoneellid die bus verlaat.
- (2) 'n Passasier wat reeds vir die reis betaal het, is nie geregtig om sy reisgeld terug te eis nie, maar kan op die daaropvolgende bus sy reis voltooi mits hy by die onklaar bus die daaropvolgende bus bestyg en bevredigende bewys kan lewer dat hy sy reisgeld betaal het.

#### SIT- EN STAANPLEKKE

9. (1) Geen passasier mag op enige ander plek in 'n bus

other than on a seat intended for passengers: Provided that, subject to the number of standing passengers which may be carried in terms of a bus's certificate of fitness, a passenger may stand in the passage between such seats as envisaged in regulation 140 of the Road Traffic Regulations, published under Government Notice 95 dated 1 July 1967.

- (2) Any bus staff member has the right to instruct a passenger where he shall sit or stand in the bus.

## LUGGAGE

10. (1) Subject to the provisions of section 98(7) of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) and the following provisions of this regulation a passenger may take his luggage with him on a bus.
- (2) No person shall place luggage in a bus in such a manner or position as to obstruct or impede any entrance or exit of such bus, or as to impede the reasonable comfort or convenience of any person in such bus or constitute a source of danger to such person.
- (3) A passenger transporting luggage in a bus in respect of which the Council has laid down a transport tariff, shall pay such tariff to the bus staff member concerned who shall issue proof of payment to the passenger.
- (4) A bus staff member may order any passenger to place his luggage in any place in the bus.
- (5) Luggage is transported at the sole risk of the passenger concerned, and the Council shall not be liable for any loss of or damage to such luggage.

## ANIMALS AND GUIDE DOGS

11. (1) No person shall bring any animal or bird into, or transport it in, a bus: Provided that a guide dog accompanying a blind person may be so transported if -
- (a) the bus staff member concerned is satisfied that the dog will not hamper the comfort and convenience of the passengers; and
- (b) the person wishing to transport the dog, has previously obtained a permit from the Council permitting him to transport the dog on the bus on the particular route.

reis as op 'n sitplek wat vir passasiers bedoel is nie: Met dien verstande dat, behoudens die getal staande passasiers wat ingevolge 'n bus se geskiktheidsertifikaat vervoer kan word, 'n passasier in die gang tussen sodanige sitplekke kan staan soos beoog in regulasie 140 van die Padverkeersregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 95 van 1 Julie 1967.

- (2) Enige buspersoneellid het die reg om 'n passasier opdrag te gee waar hy in die bus moet sit of staan.

## BAGASIE

10. (1) Behoudens die bepalings van artikel 98(7) van die Ordonnansie op Padverkeer, 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) en die hieropvolgende bepalings van hierdie regulasie kan 'n passasier sy bagasie saam met hom op 'n bus vervoer.
- (2) Niemand mag bagasie op so 'n wyse of plek in 'n bus plaas dat dit enige in- of uitgang van sodanige bus versper of belemmer of dat dit die redelike gemak of gerief van enigen in sodanige bus belemmer of vir so iemand 'n bron van gevaar uitmaak nie.
- (3) 'n Passasier wat bagasie op 'n bus vervoer ten opsigte waarvan die Raad 'n vervoertarief bepaal het, moet sodanige tarief betaal word aan die betrokke buspersoneellid wat 'n bewys van betaling aan die passasier uitreik.
- (4) 'n Buspersoneellid kan enige passasier opdrag gee om sy bagasie op 'n bepaalde plek in die bus te plaas.
- (5) Bagasie word uitsluitlik op die betrokke passasier se eie risiko vervoer en die Raad is nie aanspreeklik vir enige verlies van of skade aan sodanige bagasie nie.

## DIERE EN GIDSHONDE

11. (1) Niemand mag enige dier of voël in 'n bus bring of vervoer nie: Met dien verstande dat 'n gidshond wat 'n blinde persoon vergesel wel aldus vervoer kan word indien -
- (a) die betrokke buspersoneellid daarvan oortuig is dat die hond nie die gemak en gerief van die passasiers sal belemmer nie; en
- (b) die persoon wat die hond wil vervoer, vooraf 'n permit van die Raad gekry het wat hom die vergunning verleen om die hond op die bepaalde roete op die bus te vervoer.

- (2) The Council may at any time cancel such permit after twenty-four hours' notice in writing of its intention to do so.
- (3) A guide dog shall, whilst being on a bus, at all times be kept under control with a suitable harness.
- (4) The holder of a permit issued in terms of sub-regulation (1)(b) shall indemnify the Council beforehand in writing against -
  - (a) any legal action which may be brought against the Council including any costs arising from such action; and
  - (b) any loss or damage that the Council may suffer as a result of the presence of the guide dog on a bus.

#### LOST PROPERTY:

12. (1) Any person finding lost property, shall without delay -
  - (a) hand it over to a bus staff member; or
  - (b) hand it over to the lost property office.
- (2) Any bus staff member who finds lost property or to whom lost property is handed over, shall keep it in safe custody and hand it in at the lost property office as soon as possible.
- (3) Any bus staff member to whom lost property is handed over, shall make a note of the full name and residential address of the finder, and of the date, time and place where the lost property has been found.
- (4) The official in charge of the lost property office (hereafter referred to as the responsible official) shall on receipt of lost property, note all the details mentioned in subsection (3), and shall keep such property in safe custody in the lost property office: Provided that any cash handed in, shall be deposited into a bank account within 7 days of receipt thereof: Provided further that any perishable goods may be destroyed by the responsible official as soon as he is of the opinion that it cannot be kept any longer on account of the perished condition thereof.
- (5) Any person wishing to claim lost property, shall do so at the lost property office, and no such property shall be handed over or paid out unless the person concerned -

- (2) Die Raad kan sodanige permit te enigertyd na vier-en-twintig uur skriftelike kennisgewing van sy voorneme intrek.
- (3) 'n Gidshond moet terwyl hy op 'n bus is, te alle tye met 'n geskikte tuig onder beheer gehou word.
- (4) Die houer van 'n permit uitgereik ingevolge sub-regulasie 1(b) moet die Raad vooraf skriftelik vrywaar teen -
  - (a) enige regsgeding wat teen die Raad ingestel kan word, insluitende enige koste wat uit sodanige geding kan voortspruit; en
